
# 58 Die dag breek oor Jerusalem (Aurora lucis rutilat)




Apostels het in diepe rou
hul Heer se woorde nie onthou;
die vroue het die nuus gebring;
die lewensboodskap uitgesing.

Die Lewensvors verbreek die mag
van sondedood en sondenag,
verdryf die angste wat ons kwel,
oorwin die magte van die hel!

St. Ambrosius van Milaan (c.340-397) verw. Louis Bourgeois (c. 1510-60)